REEKS OOR KAROOLAM – DEEL 3

Só kry jy die Karoolammerk

Hier is die riglyne wat Karooboere moet volg om te verseker hul skaapvleis word as Karoolam gesertifiseer.

KORTOM

- Die sertifiseringskema gee verbruikers die versekering dat hulle inderdaad Karoolam koop.
- Dit beskerm Karooboere teen die onwettige misbruik van hul streek se intellektuele eiendom.
- Die grense van die Karoo is duidelik vasgestel en munisipaliteite word verdeel in 'n kern- en 'n randgroep.

LINKS: Sowat 207 boere en 360 plase is reeds gesertifiseer as deel van die Karoolamsvleis van Oorsprong-inisiatief. Altesaam sewe verpakkers is gemagtig om Karoolam te verpak.

Dit is belangrik om die grense van die Karoo duidelik te bepaal as 'n mens die sertifiseringstelsel wil laat werk.

Sedert die eerste vergaderings in 2007 gehou is om die reëls ten opsigte van wat Karoolam is, neer te lê, was die eerste besprekingspunt altyd die definisie van die Karoo. Die maklikste antwoord is altyd: As jy in die Karoo is, dan weet jy, jy is in die Karoo!

Hierdie definisie help 'n mens nie veel nie. Aangesien die verbintenis tussen die streek en die produk bevestig moet word, is wetenskaplike navorsing nodig. Die unieke smaak en eienskap van skaapvleis uit die Karoo is weliswaar oor geslagte heen in die Suid-Afrikaanse volksmond vasgelê.

Dit maak ook deel uit van ons kulturele en koserfenis. Om hierdie verwantskap te bevestig is navorsingsprojekte by die Landbounavorsingsraad (LNR) gedoen en is die kundigheid van vee- en weidingkundiges van die provinsiale regering van die Noord- en Wes-Kaap ook ingeroep.

- Monsters uit die rumen van skape in die Karoo is ontleed en die ses veldbossies wat die skape veral gevreet het, is aangeteken.
- In 2008 het die LNR sensoriese ontledings van skaapvleis uit verskillende dele van die Karoo, die Vrystaat, die Kalahari en Namibië gedoen. Daar is klein, maar betekenisvolle verskille in die sensoriese eienskappe van die verskillende streke, was die bevinding. Daar is ook bevind dat die kruieagtige dimensie van die Karoobossies sterk teenwoordig is in vleis uit die Karoo. Dit verskil dramaties van Namibiese skaapvleis, wat 'n meer muskusagtige smaak het.
- Voorlopige resultate uit studies by die Universiteit van Pretoria en Universiteit Stellenbosch bevestig die unieke profiele van die vetsure en vlugtige olies uit die vet van Karoovleis.
- Navorsing het dus die verband tussen Karoobossies en die unieke smaak van Karoolam bevestig. Soos in Europa moet die streek dus op grond van die vegetatiewe samestelling en die geologie bevestig word. Daarom is plantkundiges en weidingkundiges ingespan om die verspreiding van die oorheersende Karoobossies wat tipiese Karooveld voorstel, te bepaal.
- 'n Kaart gegrond op die geografiese inligtingstelsel van die Wes-Kaapse regering (wat die verspreiding van tipiese Karooveld inkorporeer) is saamgestel en as grondslag gebruik om die Karoo te definieer. Munisipale grense is saam met die plante se verspreiding gebruik om uiteindelik die Karoo se kerngebied ná verskeie jare se debatte en bydraes te definieer (Sien die KAART op bl. 46).

KAROO-EIENSKAPPE OOK BUITE STREEK

Dit is belangrik om so inklusief moontlik te wees, maar ook die een of ander vorm van riglyn daar te stel sodat wetlike reëls toegepas kan word. Aangesien die verspreiding van Karooveld nie net binne hierdie streke lê nie, is dit moontlik dat plase net buite dié grense ook tipiese Karoo-eienskappe het.

Daarom het die verskillende regeringsdepartemente aanbeveel dat dit steeds moontlik moet wees vir enigiemand buite hierdie streke om wél as 'n Karooplaas gesertifiseer te kan word as hulle kan bewys hul plaas is in die Karoo.

Dit beteken dus dat enigiemand kan aansoek doen om ingesluit te word, maar ook gemagtig word om binne huidige wetgewing die woorde Karoolam te mag gebruik.

Weens die vereiste van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye moet hierdie plase fisiek geïnspekteer word om te bepaal of hulle wél tipiese Karooveld het en of daar produksiepraktyke is wat nie strook met die tipiese Karooproduksiepraktyk nie.

HOE WERK DIE OUDITPROSES?

Min Suid-Afrikaners en boere weet wat volgens wet nodig is om aansprake op 'n bepaalde gehalte aan vleis, soos Karoolam, te koppel. Die reëls om so 'n produk te oudit en te verifieer, moet by die departement geregistreer wees.

Die departement gebruik die Suid-Afrikaanse Vleisbedryfsmaatskappy (Samic) om die ouditwerk te doen. Die wette vereis dat handelsmerkeienaars verantwoordelik is vir die koste van die ouditering van elke plaas, slagplaas én kleinhandelaar.

'RUIK JY KATBOS EN KAMBRO . . .'

Die tipiese Karooplantegroei kom hoofsaaklik voor in die Noord-, Wes- en Oos-Kaap, asook in dele van die Suid- en Wes-Vrystaat.

Die gebied word gekenmerk deur die teenwoordigheid van vreetbare Karoobossies wat die kenmerkende Karoolamsmaak gee aan die vleis van skape wat vryelik wei. Dié smaak is nie teenwoordig in die vleis van skape wat slegs gras vreet of in 'n voerkraal afgerond is nie. Die smaak is te danke aan die teenwoordigheid van natuurlike fenole en ander vlugtige komponente in verskeie soorte bossies (en selfs enkele ander Karoobossies) wat wydverspreid oor die Karoo voorkom. Van dié Karoobossies sluit in die ankerkaroo (*Pentzia incana*), kapokbos (*Eriocephalus ericoides*), riviergranna (*Salsola glabrescens*), silwerkaroo (*Plinthus karooicus*) en skaapbossie (*Pentzia spinescens*).

Bron: Prof. Willie van Niekerk, departement van vee- en wildkunde, Universiteit van Pretoria.

Van die bossies wat Karoovleis sy kenmerkende smaak gee, is kapokbos (1. *Eriocephalus ericoides*), ankerkaroo (2. *Pentzia incana*), skaapbossie (3. *Pentzia spinescens*), silwerkaroo (4. *Plinthus karooicus*), vaalgombos (5. *Pteronia glauca*) en perdebossie (6. *Rosenia humilis*).

FOTO'S: LORAINE VAN DEN BERG

Jy neem geen kortpaaie met jou boerdery nie; ons sal ook nie.

PANNAR bestee baie tyd en moeite aan uitgebreide navorsingsprogramme om jou te help om die hoë opbrengste te verseker wat nodig is om jou vooruitstrewende boerdery in stand te hou. Soos ons witbasterpakket is dit 'n seker keuse vir goeie risikobestuur en optimale opbrengste.

PANNAR®

Saam boer ons vir die toekoms™

www.pannar.com
infoserve@pannar.co.za

® Geregistreerde handelsmerke van PANNAR BPK, © 2014 PANNAR BPK

2015WMAIZE/A/01AUW

KAROOLAM MUNISIPALE DISTRIKTE

In die geval van die Certified Karoo Meat of Origin moet Samic aan die staat én die verbruiker bevestig dat die lam wat die Karoomerk dra, wél uit die Karoo uit kom. Daarom moet elke plaas geoudit word.

Samic moet tevrede wees dat die voedselveiligheid en naspeurbaarheid by slagplase onberispelik is, dat kleinhandelaars wél die regte gesertifiseerde produk ontvang en dat slegs daardie produk onder die sertifiseringsmerk verkoop word.

Dit is alles om te keer dat die verbruiker mislei word.

Samic pas basies die reëls toe soos hier verduidelik is. Die vereistes ten opsigte van die klassifisering en merk van vleis, gemik op verkope in Suid-Afrika, is baie duidelik: Rooivleiskarkasse en -snitte mag nie verkoop word met aansprake, soos "Karoo" of "vrylopend", as dit nie afkomstig is van 'n geregistreerde handelsmerk van die departement nie.

Die departement se reëls vereis dat die ouditproses deurentyd uitgevoer moet word om te verseker dat die reëls vir al hierdie aansprake wél nagekom word.

TABEL 1: SKEDULE A

PLAASLIKE MUNISIPALITEIT	PROVINSIE	STREEK
Camdeboo (Graaff-Reinet, Aberdeen en Nieu-Bethesda)	Oos-Kaap	DC10
Inxuba Yethemba (Cradock en Middelburg)	Oos-Kaap	DC13
Karoo Hoogland (Fraserburg, Sutherland en Williston)	Noord-Kaap	DC6
Ubuntu (Victoria-Wes, Richmond en Loxton)	Noord-Kaap	DC7
Umsobomvu (Colesberg en Noupoort)	Noord-Kaap	DC7
Emthanjeni (De Aar en Hanover)	Noord-Kaap	DC7
Kareeberg (Carnarvon, Vosburg en Van Wyksvlei)	Noord-Kaap	DC7
Beaufort-Wes	Wes-Kaap	DC5

TABEL 2: SKEDULE B

PLAASLIKE MUNISIPALITEIT	PROVINSIE	STREEK
Letsemeng (Koffiefontein, Jacobsdal, Luckhoff, Oppermansgronde en Petrusburg)	Vrystaat	DC16
Kopanong (Trompsburg, Gariepdam, Springfontein, Bethulie, Philippolis, Jagersfontein, Fauresmith, Edenburg en Reddersburg)	Vrystaat	DC16
Mohokare (Zastron, Smithfield, Rouxville)	Vrystaat	DC16
Tokologo (Boshof, Dealesville, Hertzogville)	Vrystaat	DC18
Hantam (Calvinia, Brandvlei, Loeriesfontein, Middelpos, Nieuwoudtville)	Noord-Kaap	DC6
Kai !Garib (Kakamas)	Noord-Kaap	DC8
!Kheis (Groblershoop, Boegoeberg, Wegdraai, Gariep)	Noord-Kaap	DC8
Khi-Ma (Aggeneys, Pella, Pofadder)	Noord-Kaap	DC6
Nama Khoi (Springbok)	Noord-Kaap	DC6
Kamiesberg (Garies, Kamieskroon, Kharkams, Hondeklipbaai, Leliefontein)	Noord-Kaap	DC6
Siyathemba (Prieska, Marydale, Niekerkshoop)	Noord-Kaap	DC7
Siyancuma (Douglas, Griekwastad, Campbell)	Noord-Kaap	DC7
Renosterberg (Petrusville, Philipstown, Vanderkloof)	Noord-Kaap	DC7
Thembelihle (Strydenburg, Hopetown)	Noord-Kaap	DC7
Sol Plaatje (Kimberley)	Noord-Kaap	DC9
Laingsburg	Wes-Kaap	DC5
Prins Albert	Wes-Kaap	DC5
Die voormalige WCDMA02 wat sedert 2008 die noordelike gedeelte van die Witzenberg plaaslike munisipaliteit beslaan. (Sien Wes-Kaapse Provinsiale kennisgewing 6518, 29 April 2008)	Wes-Kaap	DC2
Blue Crane (Kookhuis, Pearston, Somerset-Oos)	Oos-Kaap	DC10
Ikwezi (Jansenville)	Oos-Kaap	DC10
Baviaans (Willowmore, Steytlerville, Rietbron)	Oos-Kaap	DC10
Tsolwana (Tarkastad, Hofmeyr)	Oos-Kaap	DC13
Gariep (Burgersdorp, Steynsburg, Venterstad, Oviston)	Oos-Kaap	DC14

KENNER SKRYF OOR KAROOLAM

In die derde van 'n reeks artikels skryf prof. Johann Kirsten, hoof van die departement landbou-ekonomie, voorligting en landelike ontwikkeling by die Universiteit van Pretoria, oor watter boerderye vir die Karoolammerk in aanmerking kom.

HOE WERK DIE AANSOEKPROSES?

Die koste om oudits te doen om aan die reëls ingevolge die onderskeie wette te voldoen, is die hoofrede vir 'n formele aansoekproses en waarom aansoekgeld betaal moet word. Die Karoolam-sertifiseringsmerk maak die basiese aanspraak van vrylopende (*free range*) produksie op Karooveld.

Om hierdie aanspraak te staaf is ouditering volgens die wet nodig. Daarom sal alle plase in skedule A- en B-munisipaliteite ten minste vir hul vrylopende produksiestelsel geoudit moet word.

Die ligging van plase in die Karoo in skedule A is minder problematies, aangesien dit die kerngebied is. Die aansoekproses en ouditeringsproses kan by die plaaslike slagplaas, met die samewerking van die Karoo-ontwikkelingstigting (KDF), geskied.

Die KDF sal dan reël dat Samic of die departement 'n volledige inspeksie op die plase doen om onder meer seker te maak dat voerkrale en aangeplante weiding nie oorheersend is nie. Die aansoektarief beloop nagenoeg R1 680 per plaas.

Aangesien daar heelwat uitvalgrond in skedule B-munisipaliteite sal wees, moet alle plase in dié skedule as Karooplase geverifieer word. Met uitvalgrond word verwys na plase en grond in die distrik wat nie werklik meer tipiese Karoo is nie. In die noordelike distrikte is daar dikwels net gras en tipiese Kalahari-veld en in die suide teen die berge kry jy weer renosterbosveld wat ook weer nie tipies Karoo is nie. Dié aspekte moet geverifieer word.

Boere wie se plase in skedule B val, sal per definisie ook die volledige tarief van R1 680 per plaas moet betaal. Dit geld ook plase buite die afgebakende gebied. Die belanghebbendes in die Karooketting onderhandel tans met die departement en Samic om 'n meer bekostigbare proses vir Karooboere in te stel en dit sal weldra aan alle boere oorgedra word. Dit is dalk moontlik om een plaasoudit-standaard, soos "SA Livestock GAP", daar te stel wat vir alle plaasoudits van alle handelsmerke toepaslik kan wees. Die rooivleisbedryf kan homself daardeur baie geld spaar.

SLAGPLASE EN SLAGHUISE

Slagplase wat wil aansoek doen om 'n geregistreerde Karooslagplaas te wees, moet eerstens 'n minimum van 75% volgens die higiënewaardestelsel (HAS) hê en moet 'n deeglike naspeurbaarheidstelsel en goeie bestuur gereed hê. Indien dit die geval is, kan aansoek via die webwerf gedoen word. Die aansoektarief kos R3 300. Samic sal elke slagplaas volledig oudit op grond van die geregistreerde protokol.

Vir winkels en slaghuise wat klaar verpakte, verseëlde en gesertifiseerde vleisprodukte van gesertifiseerde verpakkings en/of verwerkingsaanlegte ontvang, sal geen aansoektarief en geen oudit ter sprake wees nie.

Vir onafhanklike slaghuise wat heel, gesertifiseerde karkasse van gesertifiseerde slagplase wil ontvang en self wil opsny, is daar 'n eenmalige aansluitingstarief van R600. Sulke besighede moet self daarvoor verantwoordelik wees om aan basiese gesondheidswetgewing te voldoen.

Onaangekondigde oudits sal van tyd tot tyd deur Samic gedoen word om seker te maak dat net vleis van gesertifiseerde karkasse as Karoolam verkoop word en dat die sertifiseringsmerk korrek volgens die reëls aangewend word.

Alle aansoekvorms is beskikbaar op die webwerf ***www.karoomeatoforigin.com***. **LBW**

NAVRAE: Prof. Johann Kirsten, tel. **012 420 3248**; e-pos: **Johann.Kirsten@up.ac.za**; **kmoo@cmcon.co.za**; webwerf: **www.karoomeatoforigin.com.**

In die slotaflewering van die reeks volgende week bespreek Johann of dit moontlik is om Karoolam privaat te bemark. Boere wat waarde wil toevoeg en hul vleis regstreeks bemark, word toegelaat om dit te doen mits hulle aan voorwaardes voldoen.

"Risiko" is 'n woord wat geen boer wil hoor nie; daarom werk ons hard daaraan om dit uit te skakel.

Diversifikasie is 'n goeie strategie vir risikobestuur. Ons voortreflike geelbasterpakket bevat verskeie groeiklasse en agronomiese eienskappe ten einde die beste opbrengs op jou belegging te lewer. Maak seisoen vir seisoen op PANNAR se geelbasters staat vir jou sukses.

PANNAR®

Saam boer ons vir die toekoms™

www.pannar.com
infoserve@pannar.co.za

® Geregistreerde handelsmerke van PANNAR BPK, © 2014 PANNAR BPK

2015YMAIZE/A/03A/LW